**Y'SHUA DIE SEUN VAN ELOHIEM**

Die geloof wat ek en jy bely het alles te make met Y'shua die Seun van Elohiem - wie Hy is, wat Hy 2000 jaar gelede kom doen het en hoe Hy inpas in Yahweh se ontwerp vir hierdie wêreld wat stelselmatig, tot met die herstel van alle dinge, voor ons oë sal ontvou. Ons kan eenvoudig nie bekostig om ons verstaan van Y'shua net so oor te neem uit dit wat ons in die verlede geleer en van ons voorvaders ontvang het nie. Waarom nie? Omdat ons reeds male sonder tal ontdek het dat die oorgelewerde tradisies en doktrines - ja, selfs die manier hoe die Skrif vir ons uitgelê is, deurspek was met valse leringe, halwe waarhede en idees wat die kerk van die Konstantyn periode by hulle heidense bure geleer het en nie by die Gees van Yahweh nie en wat duidelik in stryd is met die suiwer Woord van Yahweh. Ons het nie 'n keuse nie: Ons geloof moet een honderd persent in lyn wees met die Woord - veral wanneer dit kom by Y'shua en hoe die Woord Y'shua vir ons voorstel. Ons kan sonder voorbehoud sê: Y'shua is die spilpunt waaromheen die hele Skrif draai. Daarom is dit ook die ruggraat van ons geloof. Die beste plek om mee te begin is daardie gedeeltes wat duidelik en ondubbelsinnig oor die Messias praat. Daarna kan ons, in die lig van die onbetwiste gedeeltes, gaan kyk na gedeeltes waaroor daar onduidelikheid, en dikwels ook verskil van mening, bestaan.

**Wat ons in die Ou Verbond oor die identiteit van die Messias leer.**

Bereshiet 3:15 En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt.

Devariem 18:18 'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel.

Tehielliem 2:7 Yahweh het aan My gesê: U is my Seun, vandag het Ek self U gegenereer

Tehielliem 22:1 My El, my El, waarom het U my verlaat?

Tehielliem 110:1 Yahweh het aan my Meester gesê: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete.

YeshaYahu 42:1 Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê; Hy sal die reg na die nasies uitbring.

Yegezkel 34:23 En Ek sal een enkele herder oor hulle verwek, en hy sal hulle laat wei, naamlik my kneg Dawied; hy sal hulle laat wei, en hy sal vir hulle 'n herder wees.

**Wat ons by die drie "sinoptiese evangelies" oor die identiteit van die Messias leer.**

Matt 3:17 En daar kom 'n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het.

Matt 9:8 En toe die skare dit sien (genesing van 'n verlamde man), was hulle verwonderd en het Elohiem lof toegebring wat so 'n mag aan mense gegee het.

Mark 8:31 Toe het Hy hulle begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly en verwerp word deur die ouderlinge en owerpriesters en skrifgeleerdes en doodgemaak word en na drie dae opstaan.

Mark 10:18 En Y'shua sê vir hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik Elohiem.

Luk 2:52 En Y'shua het toegeneem in wysheid en grootte en in guns by Elohiem en die mense.

Luk 3:38 die seun van Enosh, die seun van Shet, die seun van Adam, die seun van Elohiem.

Luk 22:42 Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied.

**Wat ons in die boek Yahuganan (Johannes) oor die identiteit van die Messias leer.**

Yahuganan 5:30 Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.

Yahuganan 5:44 Hoe kan julle glo wat van mekaar eer aanneem, en die eer wat van die een Elohiem kom, soek julle nie?

Yahuganan 7:16 Y'shua antwoord hulle en sê: My leer is nie myne nie, maar van Hom wat My gestuur het.

Yahuganan 8:29 En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is.

Yahuganan 14:28 As julle My liefgehad het, sou julle bly wees dat Ek gesê het: Ek gaan na my Vader, omdat my Vader groter is as Ek.

Yahuganan 17:3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die een, waaragtige Elohiem, en Y'shua die Messias wat U gestuur het.

Yahuganan 20:17 Gaan na my broers en sê vir hulle: Ek vaar op na my Vader en julle Vader, en my Elohiem en julle Elohiem.

**Wat ons in Handelinge en Romeine oor die identiteit van die Messias leer.**

Hand 2:22 Yiesraeliete, luister na hierdie woorde! Y'shua, die Natsarener, 'n man deur Elohiem vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens

Hand 2:36 Laat dan die hele huis van Yiesraél sekerlik weet dat Elohiem Hom Meester en die Messias gemaak het, hierdie Y'shua wat julle aan 'n folterpaal opgehang het.

Hand 10:38 Elohiem het Hom gesalf het met die Afgesonderde Gees en met krag. Hy het ... almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat Elohiem met Hom was.

Hand 17:31 omdat Hy 'n dag bepaal het waarop Hy die wêreld in geregtigheid sal oordeel deur 'n Man wat Hy aangestel het, en Hy het hiervan aan almal sekerheid gegee deur Hom uit die dode op te wek.

Rom 5:19 Want soos deur die ongehoorsaamheid van die een mens baie tot sondaars gestel is, so sal ook deur die gehoorsaamheid van die Een (bedoelende: "die een mens" - sien vers 15) baie tot regverdiges gestel word.

Rom 8:29 Want die wat Hy vantevore geken het, hulle het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broers.

Rom 16:17 aan die alleenwyse Elohiem, aan Hom die roem deur Y'shua die Messias tot in ewigheid

**Wat ons by die oorblywende Messiaanse boeke oor die identiteit van Y'shua leer.**

1 Kor 3:23 maar julle behoort aan die Messias, en die Messias aan Elohiem.

1 Kor 15:28 En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat Elohiem alles in almal kan wees.

Efes 1:20 (Elohiem wat) Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele.

Fil 2:9 Daarom het Elohiem Hom ook grootliks verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is.

1 Tim 2:5 Want daar is een Elohiem en een Middelaar tussen Elohiem en die mense, die mens die Messias Y'shua.

1 Yahuganan 4:2 Hieraan ken julle die Gees van Elohiem: elke gees wat bely dat Y'shua die Messias in die vlees gekom het, is uit Elohiem

Openbaring 3:12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n pilaar in die tempel van my Elohiem maak, en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die Naam van my Elohiem skrywe en die naam van die stad van my Elohiem, van die nuwe Yerushalayiem, wat uit die hemel van my Elohiem neerdaal, en my nuwe Naam.